**INGELIGTE TOESTEMMINGSVORM VIR ADOLESSENTE**

**(OUDERDOM 12 TOT 18 JAAR)**

# BERADING: JOU REGTE EN ONS BELEID

## 1. Wat om te verwag

Die doel van ’n ontmoeting met ’n berader is om hulp te verkry vir probleme in jou lewe wat jou pla of jou daarvan weerhou om suksesvol te wees in belangrike areas van jou lewe. Jy is dalk hier omdat jy met ’n berader oor hierdie probleme wil praat. Of jy is dalk hier omdat jou ouer, voog, dokter of onderwyser oor jou bekommerd is. Wanneer ons ontmoet, sal ons hierdie probleme bespreek. Ons sal jou ’n paar vrae vra, na jou luister en ’n aksieplan voorstel om jou probleme aan te spreek.

Dit is belangrik dat jy gemaklik voel om openlik met jou berader te praat oor die kwessies wat jou pla. Soms sluit hierdie kwessies dinge in wat jy nie wil hê jou ouer(s) of voog(de) moet weet nie. Vir die meeste mense help die wete dat alles privaat gehou word wat hulle sê. Dit help hulle om gemakliker te voel en meer vertroue in hul berader te hê. Privaatheid word in berading ook *vertroulikheid* genoem.

As ’n algemene reël hou jou berader die inligting vertroulik wat jy met hom/haar tydens die sessies deel, tensy die berader skriftelike toestemming het om inligting bekend te maak. Daar is egter belangrike uitsonderings op hierdie reël, en dit is belangrik dat jy dit begryp voordat jy enige persoonlike inligting met die berader tydens ’n beradingsessie deel. Hierdie uitsonderings het te doen met die perke van vertroulikheid.

## 2. Perke van vertroulikheid

Kom ons gebruik ’n voorbeeld: Jy sê vir die berader dat jy van plan is om jouself ernstig te beseer of selfdood oorweeg. Die berader glo dat jy die bedoeling en vermoë het om hierdie dreigement in die baie nabye toekoms deur te voer. Die berader is dan verplig om stappe doen om jou ouer(s) of voog(de) te vertel wat jy gesê het en hoe ernstig die berader glo hierdie dreigement is. Die rede hiervoor is dat die berader seker moet maak dat jy beskerm word sodat jy nie jouself kan beseer nie.

’n Ander voorbeeld is wanneer jy vir die berader sê dat jy beplan om iemand anders wat geïdentifiseer kan word ernstig te beseer of dood te maak. As die berader glo dat jy die bedoeling en vermoë het om hierdie dreigement in die baie nabye toekoms uit te voer, moet die berader jou ouer(s) of voog(de) hiervan vertel, asook die persoon wat jy van plan is om te beseer of dood te maak.

As jy aksies neem wat óf jou, óf iemand anders ernstig kan benadeel, al is jy nie van plan om jouself of ’n ander persoon skade aan te doen nie, sal die berader ’n professionele besluit moet neem oor of jou ouer(s), voog(de) of iemand anders hiervan ingelig moet word.

As jy vir die berader sê dat jy mishandel word – fisies, seksueel, emosioneel of andersins – of dat jy in die verlede mishandel is, is die berader wetlik verplig om die mishandeling by die toepaslike owerhede aan te meld.

As jy by ’n hofsaak betrokke is en die hof rig ’n versoek vir inligting oor jou berading, sal die berader nie inligting sonder jou skriftelike toestemming bekendmaak nie, tensy die hof die

berader verplig om dit te doen. Die berader sal sover moontlik alles in sy/haar vermoë doen om jou vertroulikheid te beskerm, en as die berader uiteindelik verplig word om inligting aan die hof bekend te maak, sal die berader jou daaroor inlig.

### 3. Kommunikasie met jou ouer(s) of voog(de)

Behalwe vir die situasies wat ons hier bo genoem het, sal die berader nie vir jou ouer(s) of voog(de) spesifieke dinge vertel wat jy in die privaat sessies met die berader deel nie. Dit sluit aktiwiteite en gedrag in wat jou ouer(s) of voog(de) moontlik nie sal goedkeur nie – of wat jou ouer/voog moontlik sal ontstel – maar wat jou nie aan die risiko van ernstige en onmiddellike skade blootstel nie.

As jou risikogedrag egter vererger, sal die berader sy/haar professionele oordeel moet gebruik om te besluit of jy in ernstige en onmiddellike gevaar verkeer of benadeel mag word. As die berader egter besluit dat jy wel in gevaar verkeer, moet hy/sy jou ouer(s) of voog(de) daarvan vertel.

Kom ons gebruik nóg ’n voorbeeld. As jy vir die berader vertel dat jy alkohol by 'n paar partytjies gedrink het, sal hy/sy hierdie inligting vertroulik hou. As jy egter vir die berader sê dat jy gereeld drink en bestuur, of dat jy gereeld ’n passasier is in 'n motor wat deur ’n dronk bestuurder bestuur word, sal die berader hierdie inligting nie meer vertroulik kan hanteer nie, maar jou ouer(s) of voog(de) daarvan moet vertel. As jy aan die berader erken, of as die berader op grond van dinge wat jy vir die berader gesê het glo dat jy aan alkohol verslaaf is, moet die berader ook jou ouer(s) of voog(de) hiervan vertel.

Selfs al het die berader ingestem om inligting vertroulik te hou – om dit dus nie vir jou ouer of voog te vertel nie – glo die berader dalk dat dit vir hulle belangrik is om te weet wat in jou lewe aangaan. In sulke gevalle sal die berader jou dan aanmoedig om jou ouer(s) of voog(de) te vertel en jou help om die beste moontlike manier te vind om dit te doen. ’n Ander moontlikheid is dat die berader met jou ouers of voog gesels en die probleme in algemene terme beskryf, sonder om spesifieke besonderhede te gebruik. So kan hy/sy hulle help om te weet hoe om jou meer te ondersteun of te help.

### 4. Kommunikasie met ander volwassenes

*Skool:* Die berader sal ook geen inligting met jou skool deel sonder dat jy of jou ouer(s) of voog(de) daartoe ingestem het nie. Soms kan die berader vra om met iemand by jou skool te praat om uit te vind hoe dit met jou gaan. Dit kan in sommige situasies ook nuttig wees as die berader voorstelle aan jou onderwyser of skoolberader gee. As die berader jou skool wil kontak, of as iemand by jou skool die berader wil kontak, sal die berader dit met jou bespreek en jou skriftelike toestemming vra. ’n Baie onwaarskynlike situasie kan opduik waarin die berader nie jou toestemming het nie, maar sowel die berader as jou ouer(s) of voog(de) glo dat dit baie belangrik is om sekere inligting met iemand by jou skool te deel. In hierdie situasie sal die berader sy/haar professionele oordeel gebruik en besluit of hy/sy enige inligting wil deel.

*Dokters:* Soms moet die berader en jou dokter saamwerk, byvoorbeeld as jy medisyne moet neem terwyl jy ook ’n berader sien. Die berader sal vooraf jou skriftelike toestemming en toestemming van jou ouer(s) of voog(de) kry om inligting met jou dokter te deel. Die enigste keer wat die berader inligting met jou dokter sal deel, selfs al het hy/sy nie jou toestemming nie, is as jy iets doen wat jou fisies of medies kan benadeel.

## 5. Persoonlike inligting

As jy hierdie dokument onderteken, stem jy vrywilliglik in dat AfriForum en, meer spesifiek, AfriForum se traumaeenheid jou persoonlike inligting mag insamel, stoor en verwerk. Dit stel AfriForum se traumaeenheid in staat om die beradingsdiens aan jou behoorlik en wettig te bied.

Jy bevestig ook dat jy bewus is van jou reg om AfriForum se traumaeenheid te vra om enige van jou persoonlike demografiese inligting wat by die eenheid gestoor word te wysig, uit te vee of te vernietig. Jy bevestig ook dat jy enige tyd kan vra dat jou persoonlike inligting nie verwerk mag word nie.

As jy hier onder teken, erken jy dat jy die bepalings hier bo gelees het en die beperkings op vertroulikheid begryp. As jy enige vrae het soos wat jou terapie vorder, kan jy jou berader enige tyd vra.

Minderjarige se naam: ______________________________________________________

Minderjarige se handtekening: _________________________ Datum: ______________

**Ouer(s)/voog(de)**

Ons, die ouer(s)/voog(de) van __________________________________ sal nie gedetailleerde inligting oor individuele terapiesessies met ons minderjarige kind of pleegkind aanvra nie. Ons begryp dat ons elke nou en dan terugvoer oor die algemene vordering van ons minderjarige kind of pleegkind sal ontvang en/of gevra kan word om beradingsessies by te woon as dit nodig is, volgens die besluit van die berader.

Ons begryp dat ons ingelig sal word oor situasies wat ons minderjarige kind of pleegkind in gevaar kan stel. Ons besef dat hierdie besluit om vertroulikheid onder hierdie omstandighede te verbreek volgens die berader se professionele oordeel gebeur.

Naam van eerste ouer/voog:

_____________________________________________________

Handtekening van eerste ouer/voog: ______________________ Datum:_________

Naam van tweede ouer/voog:

_____________________________________________________

Handtekening van tweede ouer/voog: ______________________ Datum:_________